Auxilio
DISTANCE EDUCATION

GRAAD 12

KWARTAAL 2

TOERISME

JUNIE EKSAMEN

Tydsduur : 3 Ure
Totale Punte : 200 Punte
Datum : 4 Junie 2019
Eksaminator : Me. L. Page
Moderator : Mnr. J. Pieters

Instruksies:

1. Hierdie VRAESTEL bestaan uit 21 bladsye.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Hierdie VRAESTEL bestaan uit VYF (5) vrae, AFDELING A tot C.

Afdeling	Inhoud	Punte	Tyd (minute)
A	Kortvrae (Alle onderwerpe)	45	25
B	Kaartwerk en toerbeplanning; Buitelandse valuta	75	75
C	Plaaslike-, streeks- en internasionale toerisme; Toeriste attraksies	80	80
	TOTAAL:	**200**	**180 min**

4. Lees AL die vrae noukeurig en beantwoord SLEGS wat gevra is.
5. Nommer die antwoorde volgens die numeringstelsel wat in hierdie VRAESTEL gebruik is.
6. Maak seker jy handig jou ANTWOORDBLAD in.
7. Skryf netjies en leesbaar in BLOU pen.
8. Trek ‘n kantlyn van 2 cm aan die regterkant van jou antwoordboek.
9. Gebruik die volle tyd om jou VRAESTEL te voltooi.
10. STERKTE!!!

AFDELING A: KORT VRAE

VRAAG 1: MULTI-KEUSE [15]

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.15) bv. 1.1.16 D op jou antwoordblad. Beantwoord die vraag op BYLAAG A bladsy 1/3 wat aangeheg is.

1.1.1 'n Plan vir 'n toeris se reis word 'n ... genoem.

A. joernaal
B. reisplan
C. vakansie plan
D. roete plan (1)

1.1.2 Wanneer 'n toeris 'n ander land besoek het hy 'n ... nodig.

A. Visum
B. Internasionale Bestuurspermit
C. Identiteitsdokument
D. Paspoort (1)

1.1.3 'n Toeris wat hou van reksprong ("bungee") is 'n ...

A. Avontuurtoeris
B. Lief vir pret toeris
C. Onstpanningstoeris
D. Inkomende toeris (1)

1.1.4 Hierdie visum laat 'n persoon toe om tydelik in New York te werk:

A. Studente visum
B. Studie visum
C. Tydelike visum
D. Schengen visum (1)

1.1.5 Die mees toepaslike akkommodasie vir 'n student op 'n beperkte begroting is:

A. Selfsorg chalet
B. Jeughostel
C. Wildsplaas
D. Hotel (1)

1.1.6 ‘n Toeris wat by Kaapstad Internasionale lughawe deur doeane gaan sal deur die ... kanaal moet gaan indien hy/sy beperkte goedere by hom/haar het.

A. Rooi
B. Blou
C. Geel
D. Groen (1)

1.1.7 Die volgende word gebruik wanneer geldeenhede omgeskakel word:

A. Ondervinding koers
B. Uitgang koers
C. Wisselkoers
D. Ingang koers (1)

1.1.8 Hoeveel USD sal ‘n toeris vir R120 kry indien 1 USD gelyk aan R13.65 is?

A. 8.50 USD
B. 8.79 USD
C. 8.82 USD
D. 8.72 USD (1)

1.1.9 Venesië is ‘n stad in ...

A. Duitsland
B. Italië
C. Frankryk
D. Turkye (1)

1.1.10 Die ... is ‘n agentskap van die Verenigde Nasies wat spesifieke wêreld-wye openbare gesonheid hanteer.

A. WGO
B. GMT
C. DBT
D. SAT (1)

1.1.11 ‘n Toeriste visum word uitgereik deur die land ...

A. waar jy gebore is.
B. waar jy bly.
C. wat jy gaan besoek.
D. AL die bogenoemde (1)

1.1.12 Die totale waarde van dienste en goedere in een jaar gelewer is ...

A. Toerisme Sake.
B. Bruto Binnelandse Produk.
C. Toerisme Sektor.
D. Nasionale Inisiatief vir Uitstekende Diens. (1)

1.1.13 Die Algarve is ‘n streek van ...

A. Spanje
B. Portugal
C. Brasilië
D. China (1)

1.1.14 Die Olimpiese Spele is ‘n ...

A. Internasionale Sportgeleentheid
B. Plaaslike Sportgeleentheid
C. Internasionale Sportkonferensie
D. Sportberaad (1)

1.1.15 Die land met die meeste tydsones is ...

A. Rusland
B. New Zeeland
C. VSA
D. China (1)

VRAAG 1.2: PAS KOLOM A BY KOLOM B [5]

Pas die IKOON in KOLOM A met 'n KORT BESKRYWING in KOLOM B.
Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer
(1.2.1 - 1.2.5). Beantwoord op die aangehegde BYLAAG A bladsy 1/3.

KOLOM A		KOLOM B	
IKOON		BESKRYWING	
1.2.1		A	Sfinks van Giza
1.2.2		B	Rooi Plein
1.2.3		C	Die koepel van die Rots
1.2.4		D	Die Klaagmuur
1.2.5		E	Chichen Itza
		F	Petra
		G	Die Parthenon
		H	Die Kolosseum
		I	Machu Picchu

VRAAG 1.3: PAS KOLOM A BY KOLOM B [5]

Pas die SLEUTELBEGRIPPE in KOLOM A met 'n KORT BESKRYWING in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.5). Beantwoord op die aangehegde BYLAAG A bladsy 1/3.

KOLOM A		**KOLOM B**	
SLEUTELBEGRIPPE		**BESKRYWING**	
1.3.1	BVK	A	Bank aankoopkoers.
1.3.2	BAK	B	Wanneer die prys van goedere wat jy aankoop aanhou styg.
1.3.3	Geldeenheid	C	Die tipe geld wat 'n land gebruik.
1.3.4	Inflasie	D	Die waarde van geld van een land vergelyk met die van 'n ander.
1.3.5	Wisselkoers	E	Bank verkoopkoers.

VRAAG 1.4: KIES DIE KORREKTE WOORD IN HAKIES [10]

Kies die korrekte woord in hakies en beantwoord op die aangehegde BYLAAG A Bladsy 2/3.

1.4.1 Die Eiffeltoring is 'n (attraksie/ikoon). (2)

1.4.2 'n Toeris wat belangstel in (geskiedenis/geloof) sal Auschwitz besoek. (2)

1.4.3 (Minder/Meer) geld wat inkom as waarvoor begroot is dra by tot 'n sukses-volle toerisme attraksie. (2)

1.4.4 'n (Concierge/Connoisseur) help die toeris om sy behoeftes te bevredig. (2)

1.4.5 'n Buitelandse valuta buro by die bank sal die (BAK/BVK) gebruik om geld om te ruil. (2)

VRAAG 1.5: BLOKKIESRAAISEL [10]

Gebruik die prente by die blokkiesraaisel wat as leidrade gegee word en ook ‘n kort beskrywing hieronder om die blokkiesraaisel te voltooi op die aangehegde BYLAAG A op Bladsy 3/3. Vul VYF (5) ikone, stede of lande in wat ‘n toeris sal besoek. (1.5.1 – 1.5.5) bv. 1.5.6 MEKKA.

1.5.1 Die tradisionel bote, wat slegs deur toeriste gebruik word, word gondolas genoem en word deur ‘n gondolier beman. Die feit dat daar geen motors in die stad is nie, dra tot sy sjarme en uniekheid by. Dit is een van die mooiste stede ter wêreld weens sy talle pragtige geboue, groot pleine en kosbare kunswerke. (2)

1.5.2 Die terrein met sy reuse dennewoude is bekend vir sy houtsneewerk, veral koekoekhorlosies, wat simbole van die ... en Duitsland geword het. Die streek is ook beroemd vir sy kos, veral ... ham – en ... – koek; ‘n ryk sjokoladekoek versier met swartbessies, suurroom en sjokolade. (2)

1.5.3 Dit is vandag die hoof ikoon van Parys in Frankryk. Dit was oorspronklik bedoel om tydelik te wees, maar die mense van Parys het so baie daarvan gehoud dat dit permanent gemaak is. (2)

1.5.4 Aan die begin is hulle vir verskeie doeleindes gebou, soos die dreinering van grond, die maal van koring en om stompe te saag. Omdat hulle so wyd gebruik is om grond te dreineer in die jare voor elektriese pompe, kan werklikwaar gesê word dat daar sonder .... geen Nederland sou wees nie. (2)

1.5.5 Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was dit die terrein van die grootste en skandelikste van Nazi-Duitsland se konsentrasiekampe. Dit is hier waar duisende gevangenes vergas is en hul liggame in spesiaal geboude massa-krematoriums verbrand is. (2)

TOTAAL VRAAG 1: [45]

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA [75]

VRAAG 2: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING [40]

Gebruik die tydsone kaart op BYLAAG B en inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

2.1 Michael sal op 09:30 op 6 Julie 2019 met vlug SA504 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe na Los Angeles vertrek. Die vlug duur 13 ure.

2.1.1 Werk uit hoe laat hy in Los Angeles sal land. Gebruik DBT in jou bewerking. (5)

2.1.2 Michael voel deurmekaar oor die gebruik van dagligbesparingstyd. Verduidelik die konsep aan hom. (3)

2.1.3 Michael ly aan vlugvoosheid ('jetlag') na sy vlug. Verduidelik die konsep en gee TWEE (2) voorbeelde van vlugvoosheid simptome. (4)

2.1.4 Stel TWEE (2) maniere hoe vlugvoosheid oorkom kan word. (2)

2.1.5 Veiligheid is 'n groot kwessie op die lughawe. Stel TWEE (2) veiligheidsmaatreëls voor wat Michael kan neem terwyl hy op die lughawe is. (2)

2.1.6 Michael se vriendin Nicolene het gevra dat hy vir haar parfuum koop by die OR Tambo belastingvrye winkel. Hoeveel parfuum (in ml) mag hy koop volgens doeane regulasie? (1)

2.1.7 Michael wil self rondry in Los Angeles. Gee advies oor watter dokumente hy moet hê om daar te kan bestuur. Waar sal hy die dokumente kry? (2)

2.1.8 Noem EEN (1) rede hoekom Michael 'n reiskliniek moet besoek voor sy vertrek na Los Angeles. (2)

2.1.9 Verduidelik die doel van die Rooi en Groen kanale op die lughawe aan Michael. Gee voorbeelde om jou antwoord te motiveer. (2 x 2 = 4) (4)

2.2 As reisagent is jy verantwoordelik om 'n reisplan aan Mnr. Dickson te verskaf. Die volgende lê jy aan hom voor:

Sy vlug van Johannesburg (R1200.00) sal om 10:00 op 6 Junie in Kaapstad arriveer, hy sal daarna by die V & A Hotel (R750.00 pppn) in bespreek. Hy sal die middag by die Victoria en Alfred Waterfront winkelsentrum spandeer. Die volgende dag gaan hy met die kabelkar teen Tafelberg (R150.00) op. Op die laaste dag gaan hy op 'n begeleide toer na Robbeneiland (R370.00) voordat hy weer terug vertrek na Johannesburg. Hy sal 'n Avis motor huur (R1050.00) alles ingesluit vir sy kort vakansie in die Kaap.



2.2.1 Teken die tabel oor en voltooi die reisplan vir Mnr.Dickson. (7)

Dag	***Oggend***	***Middag***
2.2.1.1 (1)	Vlug na Kaapstad	2.2.1.2 (1)
2.2.1.3 (1)	2.2.1.4 (1)	2.2.1.5 (1)
2.2.1.6 (1)	2.2.1.7 (1)	Vlug terug na Johannesburg

2.2.2 Gebruik die tabel as gids en voltooi Mnr. Dickson se begroting vir sy kort vakansie. (6)

Item	***Bewerking***	***Subtotaal***
Vervoer	A. B.	2.2.2.1 (2)
Akommodasie	A.	2.2.2.2 (1)
Eskursies	A. B.	2.2.2.3 (2)
	TOTAAL:	2.2.2.4 (1)

2.3 Verduidelik hoekom dit belangrik is dat jy, as reisagent, 'n toerplan vir jou kliënte saamstel. (2)

TOTAAL VRAAG 2: [40]

VRAAG 3: BUITELANDSE VALUTA [35]

3.1 Lees die gevallestudie en bestudeer die omskakelings tabel en beantwoord die vrae wat volg:

Nicolene besluit terwyl Michael Los Angeles toe is vir werk, gaan sy na Italië toe en vanaf daarna miskien New York toe. Nicolene bly in Sandton en sy reis nou na Italië. Sy het R30 000 begroot vir haar kort vakansie.

Geldeenheid	*BVK*	*BAK*
USD	13.48	13.38
EUR	14.71	14.68
GBP	17.92	17.85

3.1.1 Noem die geldeenheid wat sy in Italië gaan gebruik. (2)

3.1.2 Werk uit hoeveel plaaslike geldeenheid sy in Italië gaan hê. (2)

3.1.3 Sy het €100 wanneer sy terugkeer na Suid-Afrika. Skakel dit om na Rand. (2)

3.1.4 Suid-Afrika het 'n swak rand wanneer sy vertrek. Is dit vir haar 'n goeie of slegte tyd om te reis? Motiveer jou antwoord. (2)

3.1.5 Nicolene besluit sy is bang Michael kom vroeër terug van Los Angeles en besluit om op 'n latere stadium na New York toe te reis. Watter geldeenheid sou sy daar gebruik het? (2)

3.2 In jou opinie, wat is die hoofoorsaak vir die verswakking van ons geld-eenheid? (5 x 2 = 10) (10)

3.3 Wat is die verskil tussen bank verkoopkoers en bank aankoopkoers? (4)

3.4 Analiseer: "*ontwikkelde lande*". (4)

3.5 Wat beteken sterk- en swakrand? (4)

3.6 Waarvoor staan die akroniem: "BBP"? (3)

TOTAAL VRAAG 3: [35]

AFDELING D: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; TOERISTE ATTRAKSIES [80]

VRAAG 4: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME [40]

4.1 Bestudeer die volgende foto's en beantwoord die vrae wat volg:

A

B

C

D

E

F

4.1.1 Benoem by elk van die volgende fotos, (A – F) wat was die uitwerking op internasionale toerisme en op die geaffekteerde land se ekonomie. (6 x 2 = 12) (12)

4.1.2 By bogenoemde VRAAG 4.1.1 (A – F) noem of dit 'n politieke en of 'n onvoorsiene gebeurtenis was. (6 x 2 = 12) (12)

4.2 Het wêreldgebeurtenisse net 'n positiewe uitwerking op internasionale toerisme? Hoekom? (8)

4.3 Wêreldgebeurtenisse het ook negatiewe uitwerkings. Wat kan die wêreld-gebeurtenisse ontmoedig as gevolg van die negatiewe uitwerkings? (4)

4.4 Wêreldgebeurtenisse impliseer die opgradering en verbetering van fasiliteite soos stadions en konferensie-sentrums, paaie en vervoerdienste. Die ekonomiese hupstoot sal 'n verhoging in die groeikoers van 'n land se BBP meebring. Die aanbied van 'n wêreldgebeurtenis bring groot voordele vir die gasheerland.

4.4.1 Dui die voordele aan vir die gasheerland. (4)

TOTAAL VRAAG 4: [40]

VRAAG 5: TOERISTE ATTRAKSIES [40]

5.1 Bestudeer die foto's en beantwoord die vrae wat volg:

IKOON A	***IKOON B***

5.1.1 Identifiseer ikoon A en B. (2)

5.1.2 In watter lande sal jy ikoon A en B vind? (2)

5.1.3 Verduidelik hoekom elke ikoon belangrik is. (2 x 2 = 4) (4)

5.1.4 Bespreek waarom die ikone hierbo gesien word as ikone, en nie net attraksies nie. (2)

5.1.5 Skryf 'n paragraaf waarin jy die ekonomiese belangrikheid van die ikone vir die onderskeie lande uitlig. (3 x 2 = 6) (6)

5.2 Bestudder die foto's van die ikone C en D en beantwoord die vrae wat volg:

IKOON C	***IKOON D***

5.2.1 Identifiseer ikoon C en D. (2)

5.2.2 Noem EEN (1) ooreenkoms tussen die ikone. (2)

5.2.3 Watter tipe toeris sal ikone C en D besoek? (2)

5.2.4 Identifiseer TWEE (2) maniere waarop menslike aktiwiteite die twee ikone kan beïnvloed. (2)

5.2.5 Stel TWEE (2) maniere voor hoe menslike invloed by die ikone verminder kan word. (2 x 2 = 4) (4)

5.3 Bestudeer die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

IKOON E	***IKOON F***

IKOON G

5.3.1 Wat is die naam van ikoon E? (2)

5.3.2 Ikoon E was ‘n geskenk aan die Verenigde State. Watter land het hierdie ikoon aan die Verenigde State gegee? (2)

5.3.3 Gee EEN (1) rede hoekom die geskenk aan die Verenigde State gegee is. (2)

5.3.4 In watter lande word ikone F en G aangetref? (2)

5.3.5 Ikone F en G was oorspronklik gebou vir ‘n sekere rede. Gee EEN (1) rede by elk hoekom die ikone gebou is. (2 x 2 = 4) (4)

TOTAAL VRAAG 5: [40]

GROOT TOTAAL: [200]

BYLAAG A: BLADSY 1/3

TOERISME
GRAAD 12
KWARTAAL 2
JUNIE EKSAMEN

Naam van Leerling: _____

AFDELING A: KORT VRAE

VRAAG 1.1: MULTIKEUSE - VRAE [15]

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	
1.1.5	
1.1.6	
1.1.7	
1.1.8	
1.1.9	
1.1.10	
1.1.11	
1.1.12	
1.1.13	
1.1.14	
1.1.15	

VRAAG 1.2: PAS KOLOM A BY KOLOM B [5]

1.2.1	
1.2.2	
1.2.3	
1.2.4	
1.2.5	

VRAAG 1.3: PAS KOLOM A BY KOLOM B [5]

1.3.1	
1.3.2	
1.3.3	
1.3.4	
1.3.5	

BYLAAG A: BLADSY 2/3

TOERISME
GRAAD 12
KWARTAAL 2
JUNIE EKSAMEN

Naam van Leerling: _____

VRAAG 1.4: KIES DIE KORREKTE WOORD IN HAKIES [10]

1.4.1	
1.4.2	
1.4.3	
1.4.4	
1.4.5	

BYLAAG A: BLADSY 3/3 Naam van Leerling: _____

VRAAG 1.5: BLOKKIESRAAISEL **[10]**

1.5.1 V		N		S		1.5.3 E				
						F				
						F				1.5.5
1.5.2										
1.5.4 W			D				L			S
										C
R										
T										
										T
										Z
D										

GROOT TOTAAL VAN BYLAAG A: [45]

BYLAAG B: WêRELDSONE KAART